# 4 Maart 2023 - Lesing 39 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

Hoofstuk 50 - SLAWE, KONTAK MET OORLEDENES, ONSE VADER EN MEER (13.03.1841) HIM1.292

Daar word gevra, met versoek tot opheldering, aan die kneg Jakob Lorber:

**Marie H**.: "Hoe is dit moontlik dat die arme slawe en gedeporteerdes hul verskriklike lot kon dra?"

**Wilhelmine H**.: "Onthou ons vier oorlede broers en susters ons?"

**Pauline H.:** "Hoe moet ons die Onse Vader bid, sodat dit vrug kan dra?"

**Julie H.:** "Wat is die betekenis van die krip waarin U, o Meester, as 'n kindjie gelê is?"

**Paul H.:** "Hoe moet 'n student die “rusure” tot welgevalle van Elohim deurbring?"

01] Liewe kinders! Ek het wel julle vrae reg gehoor - maar dink daaraan dat iemand op twee maniere ′n vraag kan vra, en dat hierdie tweesydige vraag ooreenstem met die tweesydige lewe. Want 'n vraag kan gerig wees tot die **natuurlike buitekant** of tot die **geestelike binnekant**, omdat dit spruit uit die een of die ander.

2] Beoordeel nou self, op watter grond en bodem jul vrae gegroei het. Dink, of hulle deur 'n ligte, ondersoekende nuuskierigheid aan jou gegee is, en of hulle ontstaan het uit die waarlik kommerwekkende liefdesnood van jou hart. Want jy sien, daar is 'n oneindige verskil tussen die een of die ander manier van vra.

4] Liewe kinders, Ek wil julle nie wys waarop julle vrae gegroei het nie. Julle eie begrip van My getroue antwoord sal julle, helder soos daglig, die geboorteplek van julle vrae aantoon.

5] Wat die eerste twee vrae betref, maak dit min saak of julle weet of nie, hoe die "slawe" tog moontlik hulle mishandeling kon verduur, en waarom dit deur My toegelaat was, dat hulle aan sulke mishandeling oorgegee was, en verder, of julle "gestorwe broers en susters" hulle aan julle herinner. Maar dit hang daarvan af, dat julle hulle goed in jul harte onthou, en by elke geleentheid van My getuig.

6] Want wie sy hart vol liefde trou-gelowig na My gewend het, aan hulle sal Ek ook My sekerlik veel meer herinner. Maar as Ek aan iemand dink in My Barmhartigheid, hoe kan jy dan nog vra, wat doen dié wat in My woon! Of dink julle dat julle broers en susters dood in My woon? Of dink julle dat, dit wat in die Lewe van alle lewe oorgegaan het, wel in staat is om te sterf?

7] Net die dooies kan niks onthou nie. Maar wie leef en in My lewe, sal sekerlik ook uit My 'n deurstromende Wysheid van herinnering ontvang, dit wat hulle telkens tot skande sal wil maak.

8] Maar wat die **Onse Vader** aanbetref, is dit met hierdie gebed dieselfde as met die vraag hoe om dit te bid, sodat dit vrug dra. Want wie dit nie in gees en waarheid bid nie, baat dit net so min as die uitleg van kleure aan die bekende blindes.

9] Hoe kan die (geestelik) blinde sê: "**Onse Vader**", as hy nog nooit die moeite gedoen het om die Vader in sy hart deur die liefde en deur die lewende geloof te erken en Hom in gees en in waarheid te nader nie?

10] Hoe kan hy sê: ”**Wat in die hemel is**” wie nóg die Vader, nog minder die hemel ken nie? Hoe kan hy sê: "**Laat u Naam geheilig word!"** wie nie My liefde ken nie, nog minder My lewende Woord en daarom ook onmoontlik die Lewe van die lewe en die Heiligheid van alle heil en alle nuutwording uit My, dit wat My onuitspreeklike Naam alleen is!?

11] Hoe kan hy sê: “**Laat u koninkryk kom!"** wie hom met al sy sintuie soos 'n parasitiese plant aan die vrugdraende boom vasheg, dit wil sê aan hierdie wêreld? Hoe kan hy sê: "**Laat u wil geskied**", wie nog nooit die moeite gedoen het om My wil te herken nie en teen elke gebod, hoe maklik ookal, óf 'n groot louheid in sy hart het, óf dikwels, reeds in sy jeug, die geringste ongehoorsaamheid gekoester het, en in alles wat die Ewige Lewe aanbetref, die allergrootste ligsinnigheid in hom omgedra het!

12] Hoe kan hy sê: "**Gee ons die Brood van die Lewe,"** wie in sy hart geen idee het van die Brood wat gevra word nie, maar net 'n groter begeerte na voedsel vir sy maag het, wat die eintlike hoofsaak is van so vrugtelose gebed?!

13] Hoe kan hy om “**Vergifnis van sy sondes**” bid, wie se hart nog vol onreinheid is, aangesien daar niks anders inwoon as toorn, afguns, hoogmoed, afguns, onbeskoftheid en nog baie ander sulke ondeugde nie? Luister, om vrugbaarheid te bereik van die vergifnis van sondes, verg meer as om deur gunstige omstandighede vyandloos te bly. Want wie geen vyand het nie, hoe sal hy vra: “**Vergewe My My sondes, soos Ek My vyande vergewe?”** Ek bedoel nie hiermee dat jy vyande moet maak om iets te hê om te vergewe nie; maar dit is wat Ek bedoel deur te sê dat jou hart **verhewe moet wees bo enige belediging**, wat ookal die aard daarvan mag wees. Anders sal jy vir jouself, in plaas van vergifnis, oordeel en verdoemenis op die hals haal.

14] Hoe kan hy verder sê: “**Lei ons nie in versoeking nie,"** wie My eerstens gladnie ken nie, en dit uiteraard in die lug in bid, en wie, as Ek ook, sonder sy medewete, hom van elke versoeking verskoon, maar hy, soos 'n besete, van gevaar tot gevaar, van afgrond tot afgrond en van dood tot dood hardloop!

15] Kyk, hoe is so 'n versoek hierna! Is dit nie soos 'n dwaas wat 'n groot weldoener om ondersteuning vra, maar as hy dit ontvang het, gooi hy daardie steun deels in die vuur, deels in vuil water, deels in stinkende riolputte en deels in vullis en grafte vol van die oorskot van dooies? Dink daaraan, van watter nut is die geskenk vir so 'n dwaas!

16] Hoe kan hy uiteindelik sê: **"Verlos ons van die bose",** wat homself met volle ywer in alle boosheid indompel!

17] Sou jy hierdie gebed vrugbaar wil bid, moet jy dit in gees en in waarheid bid en wel deurdag oor wat dit sal verg om die ware vrug van hierdie gebed te versamel. Anders sal die teenoorgestelde van die groot seën uit hierdie gebed voortkom, vir jou, sowel as vir alle ander.

18] Maar wat die laaste twee vrae betref, die "krip"-vraag is ʼn heel kinderlike een, maar nie een waarop aan julle 'n doelmatige, nog minder, vir julle, verstandige antwoord gegee kan word nie, omdat die innerlike betekenis eers ontsluit moet word, om ʼn geheim te begryp wat, selfs vir aartsengele, te diep is om te deurgrond.

19] Probeer verder om in stilte rustigheid en teruggetrokkenheid van julle gemoed uit julle "rusure" te kom in die ure van toewyding aan My. So kan jy vroeg ervaar hoe uitermate goed en liefdevol Ek, julle Vader, is. En waarlik, in een minuut kan Ek jou meer gee as die hele wêreld in ʼn duisend jaar.

20] Maar as jou rusure jou vir iets anders dien, dan sal jy ewenwel net so ervaar hoe vreemd, ondeurgrondelik en **onverbiddelik Ek neig om te bly vir diegene wat die vuilheid van die wêreld en alle bedrog van Satan bo My verkies.**

21] Ten slotte, dink ongetwyfeld baie mooi na, van Wie af hierdie Woorde na julle toe kom! Maak julleself vroegtydig met My bekend! Maak die "Regter" jou "vriend" en die ewige groot "Elohim" jou "Vader", sodat jy met vreugde en vreesloos sal aanskou, wanneer My oordele hierdie aarde sal oordonder!

22] Want na hierdie wêreld kom Ek as 'n onverbiddelike Regter, maar waarlik, na My kinders sal Ek kom as die liefdevolste, beste, heilige Vader!

23] **Soek dus die Vader, so sal jy sal vir ewig lewe in die skoot van My liefde.** Amen!

24] So spreek Hy, wat julle as Vader bo alles soek en erken. Amen!